
Pieter Hugo
Assistentdirekteur:
Metropool Beheerarea



## Die geboorte van 'n middeljarige digter

Dit is geen geheim nie. Ek word binnekort 50. Toe ek onlangs as 'gepubliseerde digter' gedebuteer het met 'n paar van my gedigte wat in die bundel, **Nuwe Stemme 4,** opgeneem is, het dit my 'n dubbele dosis plesier verskaf. **Nuwe Stemme** is soos die Afrikaanse letterkunde se *Pop Idols*. So soort van 'n 'ons sien jou talent raak' klop op die skouer en voet in die deur. Tweedens is dit natuurlik ook baie vleiend dat daar so mildelik gepraat word van die 'jong' digters in **Nuwe Stemme 4**, want van die 22 is ek by verre die oudste. Al weet ek daar word eintlik bedoel ons is jonk in die digterskap.

Dit is ook geen geheim dat Daniël Hugo my broer is nie. En dat hy in die vroeë 1980's al gedebuteer het en intussen al 'n klomp digbundels op sy kerfstok het. Die logiese vraag is natuurlik hoekom ek nou eers digterlik ontwaak?

Soos die meeste van ons, het ek wel op skool al 'n paar gedigte geskryf, maar vandat my broer 'n erkende digter geword het, het ek in 'n geïnhibeerde digterlike hibernasie van dekades gegaan. As ek wel nou en dan iets poëties gewaag het, het dit net by volkskwatryne gebly. As ek waagmoedig was, dalk 'n limeriek.

Tot 'n paar jaar gelede. My seun George, toe nog op hoërskool, het gereeld liedjies geskryf en met ghitaarbegeleiding gesing. Een aand sit en speel hy 'n wonderlike nuwe stuk waarvoor hy nog nie lirieke het nie. Ek gryp 'n pen en probeer woorde skryf vir sy melodie. Die resultaat was 'n dramatiese flop. Iets soos: Vervlietend geel / het jou lippe my gestreel / dalk 'n sweempie groen / agter jou soen? Ensovoorts. Die res was nog erger.

Ek het wel later gedink daar is moontlikheid in die 'vervlietend geel'. Toe ek 'n week of wat later vir 'n naweek by my broer gaan kuier het ek die geel ding onder sy oë gedruk. Hy het natuurlik, soos 'n regte ouer broer, vir my gesê dis gemors, maar die kans benut om my te probeer inspireer om my hand te waag aan iets anders as volkskwatryne en limerieke.

Of dit al die goeie wyn of die meesterlike broederlike leiding was weet ek nie, maar daardie naweek in September 2004 was die keerpunt in my 'loopbaan' van kwatrynrymelaar na digter. Dit het my eerste sonnet (*Woordstof*) geïnspireer en daarna het baie ander gedigte gevolg.

***Woordstof***

*Ek kuier lekker by my oudste broer*
*oor 'n droomdis van vis en baie wyn.*
*Ons gesels oor gedigte, boeke, pyn:*
*enkeldiep lê die woorde oor die vloer.*
*'Skryf 'n sonnet. Dan is jy 'n digter!'*
*daag hy my uit. Ek skryf die hele nag,*
*maar kry net kwatryne. So breek die dag:*
*kniediep lê die woorde, dronk, ontnugter.*
*Ons luister radionuus; ons lees koerant,*
*Ons sink weg, verdrink in die alfabet!*
*Ek stofsuig alles op, van A tot Z,*
*die ganse woordgemors, van hoek tot kant,*
*maar die suier verstop letterlik. Met*
*die skud verskyn figuurlik: dié sonnet.*

Toe George 'n paar jaar later met een van sy gereelde 'ghitaarbesoeke' weer dáárdie melodie speel, steeds sonder woorde, spring 'vervlietend geel' weer in my kop. Die uiteindelike resultaat, na baie skuur en skaaf, is beslis nie lirieke vir 'n song nie, maar tog wel 'n heel gawe gedig (*Die kuns van die lewe*).

***Die kuns van die lewe***

*Gesien in sy geheel*
*is ons beraamde lewe*
*maar 'n enkele oogwink,*
*vlietend verbeel:*
*'n Verruklike geel ...*
*Ons het 'n Van Gogh-moment,*
*koringland, kraaie en wind,*
*vlugtig gedeel.*
*'n Glimlag wat byna speel ...*
*Ek het vir 'n ewige oomblik,*
*soos Da Vinci van Lisa,*
*jou wese gesteel.*
*'n Skreeu, diep uit die keel ...*
*Straks word ek, grafies versteen*
*in Munch se mono-angs,*
*die laaste toneel.*

Die ironie is dat my ou volkskwatryne die enigste van my gedigte is wat George wel as lirieke gebruik. Hulle werk perfek as blues songs!

*Die lewe is 'n liedjie*
*ja, die lewe is 'n liedjie*
*As die woorde nie meer pas nie*
*dan neurie ons 'n bietjie.*